Halssaak

581/90

581/90

G.P.-S. 3-00117

J 219

Saak No.
Case No. 581/90

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA
IN THE SUPREME COURT OF SOUTH AFRICA

(APPÈL Afdeling)
( Division)

APPÈLSAAK : APPEAL CASE

LIONEL DA SILVA

Appellant

*teen/versus*

DIE STAAT

Mev Weber
8h50 91/05/29

Respondent

Prokureur van Appellant
Appellant's Attorney P.O. Deo

Prokureur van Respondent
Respondent's Attorney P.G. Kaapstad

Advokaat van Appellant
Appellant's Advocate F.J. Murray

Advokaat van Respondent
Respondent's Advocate

Op die rol geplaas vir verhoor op
Set down for hearing on 24/5/91 3.7.11

KPA ER(H)

[illegible] Nestadt et Eksteen JJA

Appellant's Counsel: F J Murray, p.o. deo

Respondent's Counsel: J. [illegible]

F.J. [illegible] 09h45 - 10h50

N. J [illegible] 10h50 - 11h00

11h15 - 12h00

[illegible] 12h00 [illegible]

C.A.V.

Uitspraak Hof 1 12h00 op 91-05-29

Nestadt AR

CASE NO 581/90
/CCC

IN THE SUPREME COURT OF SOUTH AFRICA

APPELLATE DIVISION

In the matter between

LIONEL DA SILVA — APPELLANT

and

THE STATE — RESPONDENT

CORAM: HOEXTER, NESTADT *et* EKSTEEN JJA

DATE HEARD: 24 MAY 1991

DATE DELIVERED: 29 MAY 1991

---

# J U D G M E N T

NESTADT, JA:

The events giving rise to appellant's trial in the court below took place in the vicinity of Elsies River in the Cape shortly after midnight on Sunday, 22 May 1988. The following facts were found to have been

2/......

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

APPèLAFDELING

S 811/90

GRIFFIER, HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA
1990 -11- 30
(APPELLATE DIVISION)
REGISTRAR, SUPREME COURT OF SOUTH AFRICA

In die Appèl tussen:

REGISTRAR SUPREME COURT CAPE TOWN
1990-11-21
KAAPSTAD
GRIFFIER HOOGGEREGSHOF

LIONEL DA SILVA — Appellant

en

DIE STAAT — Respondent

---

## REKORD OP APPèL

teen die skuldigbevinding aan moord (aanklag 1) en die doodvonnis wat aan die beskuldigde opgelê is deur Sy Edele Regter Conradie op 22 Junie 1990 in die Hooggeregshof van Suid-Afrika (Kaap die Goeie Hoop Provinsiale Afdeling).

---

**NAMENS APPELLANT:**

ADV F J MURRAY (pro Deo)

Ou Burger-gebou 3
Keeromstraat
KAAPSTAD

**NAMENS RESPONENT:**

DIE PROKUREUR-GENERAAL

Koningin Victoriastraat
KAAPSTAD

en

DIE PROKUREUR-GENERAAL

BLOEMFONTEIN

CERTIFIED A TRUE COPY OF THE ORIGINAL
GESERTIFISEER 'N WARE AFSKRIF VAN DIE OORSPRONKLIKE

VOLUME: 6

BLADSY: 416 - 472

---

SNELLER OPNAMES (KAAP) (EDMS) BPK, KAAPSTAD

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(KAAP DIE GOEIE HOOP PROVINSIALE AFDELING)

SAAKNOMMER: SS.202/89

DATUM: 9/5/90

In die saak van:

DIE STAAT

en

LIONEL DA SILVA

---

## U I T S P R A A K

CONRADIE, R: Die beskuldigde staan aangekla van:

1. Moord;
2. Roof met verswarende omstandighede;
3. Verkragting;
4. Verkragting;
5. Diefstal;
6. Oortreding van artikel 2 van Wet 75/1969, d.w.s. dat hy 'n vuurwapen besit het sonder om die nodige lisensie daarvoor te hê, en
7. Oortreding van artikel 36 van Wet 75/1969 deurdat hy ammunisie in sy besit gehad het sonder om 'n lisensie te hê vir 'n vuurwapen waaruit daardie ammunisie gevuur kan word.

Die beskuldigde het op al die aanklagte onskuldig gepleit. Hy is verteenwoordig deur mnr Murray wat pro Deo namens hom opgetree het en aan wie ons dank verskuldig is vir sy netjiese aanbieding van die beskuldigde se saak.

Die beskuldigde het geen pleitverduideliking verstrek nie maar het 'n aantal erkennings gemaak waarna ek in die loop van hierdie uitspraak sal verwys. Daar was op die ou end veel wat tussen die Staat en die verdediging gemene saak was. Die

volgende is erkende feite:

1. Die beskuldigde het die oorledene en 'n mev Thomas die vroeë oggend van Sondag, 22 Mei 1988, by die Busy Bee padkafee in hulle motor voor die padkafee aangetref.
2. Hy het die oorledene gevra om hom 'n geleentheid na die N1 te gee.
3. Die oorledene met mev Thomas as passasier in die motor het die beskuldigde na die N1 geneem.
4. By die N1 aangekom het die oorledene op die beskuldigde se aandrang stilgehou. Nadat daar stilgehou is, het die beskuldigde 'n skoot met 'n 9mm pistool in die paneelbord van die voertuig gevuur.
5. Daar waar die oorledene stilgehou het is hy buite die voertuig deur die beskuldigde doodgeskiet met 'n 9mm Browning pistool.
6. Hierdie 9mm Browning pistool het behoort aan majoor Redelinghuys, destyds tweede in bevel van die Suid-Afrikaanse Kleurlingkorps uit wie se besit dit deur iemand gesteel is.
7. Hierdie pistool is die einste pistool wat op 23 Junie 1988 deur die polisie in die besit gevind is van ene Russel Muller terwyl hy en die beskuldigde in mekaar se geselskap was.
8. Beide die beskuldigde en Russel Muller is aangekla van die onwettige besit van 'n pistool op 23 Junie 1988. Russel is skuldig bevind, die beskuldigde is onskuldig bevind.
9. Dit is ook die einste pistool wat die beskuldigde vir die tydperk 21 tot 23 Mei 1988



in / ...

in sy besit gehad het sonder dat hy gelisensieerd was om dit te besit.

10. Die beskuldigde het, nadat die oorledene doodgeskiet is, met mev Thomas in die oorledene se vader se motor rondgery.

11. By twee geleenthede het die beskuldigde stilgehou en was daar in die motor seksuele kontak tussen die beskuldigde en mev Thomas. Die eerste geleentheid was naby bome langs die N1. Die tweede geleentheid by 'n parkeerterrein langs die Breërivier naby Worcester.

12. Ongeveer 09:00 die Sondagoggend van 22 Mei 1988 het die beskuldigde die klaagster in Worcester besorg waar hy haar in die geparkeerde motor agtergelaat het.

13. Die beskuldigde is daarna na sy toemalige gade se kamer in sy skoonouers se huis waar hy vertoef het totdat hy op Maandag weer diens by die Suid-Afrikaanse Kleurlingkorps hervat het.

Die geskilpunte tussen die Staat en die verdediging met betrekking tot die eerste aanklag is of die oorledene vermoor is dan wel of hy regmatig in noodweer gedood is. Wat hierdie aspek van die saak betref, was mev Thomas se getuienis die volgende. Op die N1 aangekom het die beskuldigde die oorledene gevra om stil te hou omdat hy 'n behoefte sou hê. Die oorledene het stilgehou en hy is daarop deur die beskuldigde wat 'n vuurwapen in sy hand gehad het, beveel om die voertuig te verlaat. Hy het geweier. Hy het mooi gepraat. Hy het die beskuldigde daaraan herinner dat hy, die oorledene, goed was vir die beskuldigde.

Die beskuldigde het daarop 'n skoot in die voertuig



afgeskiet/...

afgeskiet. Niemand het seergekry nie. Die beskuldigde vra daarop die sleutel van die voertuig maar die oorledene weier om die sleutels aan hom te oorhandig. Daarop vra die beskuldigde al die oorledene se geld. Die oorledene gee toe, nog steeds in die voertuig, alles wat hy het, dit was R2,00 of R4,00, in elk geval minder as R5,00, aan die beskuldigde.

Daarop verlaat beide die beskuldigde en die oorledene die voertuig. Buite die voertuig sê die beskuldigde vir die oorledene dat as hy vind dat hy nog geld in sy sak het, dan skiet hy hom. Hy skud toe die oorledene se skake uit maar kry nie nog geld nie. Hy beveel die oorledene om agter die voertuig te gaan staan en stap saam met hom agtertoe terwyl die oorledene met hom mooi praat en hom vra om hom nie seer te maak nie.

Toe mev Thomas, die kans sien om te ontsnap, spring sy uit die voertuig en hardloop na 'n aankomende motor met haar hande in die lug. Die motoris ignoreer haar egter. Die beskuldigde hardloop agter haar aan en gryp haar aan die skouer. Hy bring haar terug na die motorvoertuig. Die oorledene vra die beskuldigde om haar te los en haar asseblief nie seer te maak nie. Die beskuldigde sê die oorledene egter aan om agter die motor te gaan staan en stamp mev Thomas in die motor in. Ten spyte daarvan dat die oorledene soebat, sê die beskuldigde aan hom "Jy bly hier, sy gaan saam met my." Die oorledene kap teë deur te sê "Vat my liewer dan los jy haar hier" maar in antwoord daarop sê die beskuldigde vir hom "Jy vrek hier vanaand, wat moet ek met jou maak, sy gaan saam met my". Hy beveel die oorledene om af te gaan in 'n slootjie langs die N1 terwyl die oorledene steeds soebat. Die beskuldigde se enigste reaksie daarop is om vir die oorledene te sê "Fok af hier". Daarop hoor mev Thomas 'n skoot

afgaan en sien dat die oorledene vooroor val.

Daarop keer die beskuldigde terug na die motor. Toe hy halflyf by die bestuurder se sitplek in is, hoor hulle die oorledene om hulp skree. Die beskuldigde klap op 'n geïrriteerde of gesteurde wyse sy tong en klim weer uit. Mev Thomas hoor daarop weer 'n skoot klap en toe, sê sy, skree die oorledene nie meer nie; toe is dit doodstil.

Die beskuldigde, daarenteen, beweer dat die saak heeltemal anders verloop het. Hy sê dat dit, terwyl hy in die motor was, geblyk het dat die oorledene en die klaagster saamsweer om hom te beroof. Hy het toe 'n skoot in die paneelbord van die voertuig gevuur om die oorledene te dwing om stil te hou. Skaars het die voertuig stilgehou of die oorledene gryp sy hand wat die pistool vashou en daar volg 'n worsteling waartydens die oorledene die beskuldigde oor die leuning van die voorste sitplek amper by die bestuurder se deur uit trek. Toe is hulle buite. Hulle stoei buite tot agter die voertuig. Die klaagster probeer tussenbeide tree oënskynlik om hulle uit mekaar te maak maar die oorledene jak haar af. Hy stoot haar weg, inderdaad klap hy haar. Die beskuldigde probeer op sy beurt toe vrede te bewerkstellig tussen die oorledene en die klaagster tussen wie daar nou 'n rusie uitgebreek het. Hy wat die beskuldigde is pleit om versoening en keer dat die oorledene nie die klaagster aanrand nie. Daarna red hy haar van 'n gewisse dood voor 'n aankomende motorvoertuig, kalmeer haar en help haar om in die voertuig te klim. Maar terwyl hy dit doen gryp die oorledene hom weer van agter vas. Weer worstel hulle tot agter die voertuig. Die beskuldigde ruk een van sy arms los en daar klap 'n skoot. Hulle val en weer klap daar 'n skoot. Die beskuldigde sê dit het alles so vinnig gebeur dat hy nie pre-

sies kan sê wat voorgeval het nie, maar nadat die tweede skoot geklap het sien hy daar, tot sy ontsteltenis, die oorledene wat stil in die pad lê. So iets, sê hy, het hy nie bedoel of verwag nie.

Wat die aanklagte van verkragting betref, beweer die Staat by monde van die klaagster dat die beskuldigde twee maal gemeenskap met haar gehad het. Daar was volle penetrasie en saadstorting by albei geleenthede. Die klaagster sê by die eerste geleentheid het die beskuldigde, waar hy stilgehou het, haar gevra of sy en die oorledene die aand omgang gehad het. Sy het dit ontken. Die beskuldigde het haar egter nie geglo nie want, sê hy, hy kon ruik dat hulle in die voertuig gemeenskap gehad het en "dit het hom ook lus gemaak". Hy het haar beveel om op die agtersitplek van die motor te klim. Sy het egter bly sit. Toe vra hy haar "gaan jy naai of wat?" Sy het daarop vir hom gevra of sy dan 'n alternatief het; as antwoord wys hy vir haar die pistool. "Nee", sê hy, "ek het dié". Sy het daarop oorgeklim omdat sy geen ander keuse gehad het nie, haar onderlyf ontbloot en daarna, nadat die beskuldigde haar een arm met haar kousbroekie aan die handvatsel van die deur vasgemaak het, het hy teen haar sin met haar gemeenskap gehad.

By die tweede geleentheid op die parkeerterrein naby Worcester waar die beskuldigde gaan parkeer het op 'n terrein wat skynbaar deur die plaaslike bewoners vir doeleindes van buitenhuise liefkosinge benut word, het hy die klaagster weer gedwing om na die agtersitplek van die voertuig te gaan waar hy weer eens omgang met haar gehad het, dié keer terwyl sy op hom moes sit. Daarna het hulle gesit en gesels terwyl die beskuldigde een van die biere gedrink het wat haar oorlede vriend gekoop het en waarvan daar nog in die motor oorgebly

13.11

het. / ...

het. Hy sê toe aan haar sy moet sê dit is die "boere" wat haar vriend geskiet het. Sy het die teenwoordigheid van gees om hom gerus te stel dat sy nie aan die polisie sou sê dat hy die een is wat haar vriend geskiet het nie. Sy vertel aan hom dat sy nie van die polisie hou nie, sy behoort aan die UDF en sy is glad nie van plan om die saak by die polisie aan te gee nie.

Hierdie woorde moes die beskuldigde gerusgestel het en het waarskynlik die klaagster se lewe gered want die beskuldigde laai haar toe ongeveer nege-uur die oggend in Worcester af. Soos ek gesê het, laat hy haar in die motor agter en verlaat die motor self op pad iewers heen.

Die eerste vier aanklagte is verbandhoudend en ek behandel hulle dus saam. Dit is die enigste aanklagte waarop geloofwaardigheidsbevindinge geverg word. Die laaste drie aanklagte staan of val by die toereikendheid van die staatsgetuienis en die erkennings van die beskuldigde.

Ons staan nou voor die vraag of die weergawe van die Staat bo redelike twyfel waar kan wees. Dit kan ons slegs bevind as ons oortuig is dat die beskuldigde se weergawe nie redelik moontlik waar kan wees nie. Mnr Murray het betoog dat mev Thomas, die klaagster, 'n enkelgetuie was en het ons gevra om aandag te gee aan die versigtigheidsreël met betrekking tot enkelgetuies. Dit is 'n gulde reël maar die graad van versigtigheid wat 'n Hof aan die dag moet lê hang natuurlik van die feite van 'n besondere saak af en in die besonder van watter feite in geskil is.

Mnr Murray het ons verwys na oënskynlike weersprekings tussen die getuienis van die klaagster en wat sy in haar polisieverklaring sou gesê het. Met betrekking tot die geld wat deur die oorledene oorhandig is, het sy in getuienis gesê dat

dit R2,00 of R4,00 of in elk geval minder as R5,00 was, maar dat sy eintlik nie kon sien nie omdat die oorledene se hand waarin hy die geld gehou het, toe was. In haar polisieverklaring het sy egter duidelik gesê dat die bedrag wat by die oorledene afgeneem is, R4,00 was. Met betrekking tot hoe die oorledene in die sloot beland het, sê sy in haar polisieverklaring dat hy gestamp of gestoot is, maar sê in haar getuienis dat hy beveel is om in die sloepie af te beweeg.

Hierdie is natuurlik gebreke in haar getuienis maar watter gevolgtrekking moet ons daaruit maak? Ons kan sekerlik nie daaruit die gevolgtrekking maak dat die klaagster 'n leuenagtige getuie is nie. Hoogstens kan ons daaruit aflei dat die klaagster se geheue haar op hierdie enkele punte in die steek gelaat het. Ons meen egter nie dat hierdie gebreke enigsins afbreuk doen aan die klaagster se getuienis oor wesentlike aspekte of dat dit, soos ek gesê het, haar geloofwaardigheid enigsins in gedrang bring nie.

Mnr Downer namens die Staat het aan die hand gedoen dat die klaagster 'n puik getuie was. Ons stem saam. Sy was, veral as die trauma van die aand en van die maande daarna in ag geneem word, 'n uitmuntende getuie. Ons was verbaas, inderdaad, om by dr Du Toit te verneem dat dat die hangende hofsaak haar so ontstel het dat sy sielkundige behandeling voor die verhoor moes ondergaan. Dit het nie uit haar getuienis geblyk nie. Iewers vandaan het sy die geestelike krag gehaal om uitstaande getuienis te lewer. Sy was kalm en gelate en het haarself goed onder beheer gehou behalwe vir twee geleenthede toe sy opsigtelik aangedaan was toe sy oor die sterwensoomblikke van haar vriend, die oorledene, getuig het.

Wat ons ook opgeval het, is dat sy met betrekking tot die beskuldigde se aanvalle op haarself saaklik voorgekom en met

groot selfversekerdheid getuig het sonder dat ons enige sweem van selfbejammering of selfregverdiging kon waarneem. Sy het op ons die indruk gelaat van 'n bestendige, deugdelike, betroubare mens.

Daarby moet ek ook sê dat ons geen sweem van venyn teenoor die beskuldigde in haar getuienis kon bespeur nie. Sy het byvoorbeeld toe mnr Murray aan haar vra of die beskuldigde nie teen die einde van haar angstog, kort voordat sy in Worcester besorg is, goed vir haar was nie, geredelik toegegee dat hy wel in daardie stadium goed vir haar was. Op 'n vraag van die Hof of omgang met haar by die eerste geleentheid pynlik was, sê sy "nie juis nie": nie 'n antwoord wat 'n mens van 'n venynige of wraaksugtige vrou sou verwag nie.

Daarenteen is die beskuldigde se relaas uitgedink nadat hy met sy advokaat gekonsulteer het. Dit is duidelik uit die feit dat daar 'n totaal ander weergawe aan Staatsgetuies gestel is wat sy advokaat met hulle bespreek en gedebatteer het. Daarbenewens en afgesien daarvan dat sy verhaal klaarblyklik 'n onlangse versinsel is, is dit so uitspattig onwaarskynlik dat dit vir die liggelowigste mens onaanvaarbaar moet wees. Ons neem maar by wyse van 'n voorbeeld die oorledene se beweerde voorneme om die beskuldigde te beroof. Dié sou hy reeds by die padkafee op besluit het, hierdie man wat vir 'n gesellige aand met sy vriendin uit was en aanvanklik nie eers aan die beskuldigde se versoeke om hom 'n geleentheid te gee gehoor wou gee nie. Dan die worsteling in die motor; ons laat ons nie vertel dat, behalwe in 'n James Bond fliek, 'n bestuurder van 'n motor sou omdraai, 'n vuurwapen in die hand van 'n groot frisgeboude man sou gryp (wat, bygesê, nou net 'n waarskuwingskoot afgetrek het) en hom met brute krag oor die voorste sitplekleuning feitlik by die



bestuurder / ...

bestuurder se deur uit sou sleep nie. Daarop volg die bisarre aanval van die oorledene op die klaagster, sý wat sy bondgenoot van enkele minute gelede was. Wat sy gedoen het om die oorledene so te ontstel dat hy die beskuldigde met vuurwapen in die hand los om haar te lyf te gaan, weet nugter.

As die klaagster dan vlug, vlug moet ons nou aanneem, vir die oorledene en nie vir die beskuldigde nie, pluk die beskuldigde haar soos 'n tekenprentheld uit die kake van die dood voor 'n voortsnellende motor uit. As hy haar dan tot bedaring bring en met groot bedagsaamheid behandel, wat 'n mens sou dink die oorledene op prys sou stel, val die oorledene hom weer eens doodveragtend aan terwyl hy nog steeds met die vuurwapen bewapen is.

Al wat ons van die beskuldigde se relaas kan sê, is dat dit niks anders as 'n onlangse verbeeldingsvlug is nie.

Op die Staat se weergawe van hoe die oorledene aan sy dood gekom het, is daar geen twyfel dat die beskuldigde bedoel het, bedoel het in die sin dat hy sy wil daarop gerig het, om die oorledene te dood nie. Die eerste skoot was heel waarskynlik dié deur die oorledene se buik anders sou hy nie nog om hulp kon skree nie. Daarna het die beskuldigde, ergerlik oor die gejammer van die sterwende oorledene, van waar hy halflyf in die motor was, teruggedraai en die oorledene weer eens geskiet soos wat 'n mens 'n swaarbeseerde dier van kant sou maak.

Seksuele kontak tussen die beskuldigde en die klaagster is gemene saak. Hierdie Hof moet hom nou afvra of dit hoegenaamd denkbaar is dat mev Thomas, binne ure nadat haar vriend koelbloedig deur die beskuldigde doodgeskiet is, die geringste geneëntheid sou ervaar om seksueel met die persoon wat vir sy dood verantwoordelik was te verkeer, afgesien daarvan of die



oorledene/...

oorledene se dood regmatiglik of onregmatiglik veroorsaak is. Wat meer is, sy het volgens die beskuldigde die kontak geïnisieer. Sy het hom begin vertroetel en intiem begin betas. Hy is die een, sê hy, wat weens die geskokte toestand waarin hy verkeer het nie aan haar begeertes kon voldoen nie.

Hierdie groteske onwaarskynlikheid is waarskynlik alleen genoeg rede om die beskuldigde se weergawe te verwerp. Daar is egter ander redes. Daar is die optrede van die klaagster na die voorval. Daar is geen rede wat aan die hand gedoen is waarom die klaagster wat die beskuldigde goed genoeg gesind was om hom haar liggaam aan te bied, onmiddellik toe sy die motor verlaat, hom by die polisie sou gaan aangee en inderdaad 'n klag van verkragting teen hom sou lê nie. Dit is nie ernstig betwis dat die klaagster ontsteld was toe sy by die polisie aangekom het en daarna na die distriksgeneesheer geneem is nie. Gewoonlik is ontsteltenis van 'n klaagster 'n betroubare aanduiding van 'n seksuele misdryf, maar die prent word hier vertroebel deur die feit dat die klaagster ook hewig ontsteld was oor die dood van haar vriend en dit is uiteraard nie moontlik om te onderskei tussen die bydrae wat dit en die traumatiese aanslag op die klaagster self tot haar ontsteltenis gelewer het nie; maar daar was nietemin die klagte onmiddellik gelê, die klagte van 'n aanslag op haar, wat dan ten minste daarvoor spreek dat die klaagster nie haar getuienis later versin het nie. Ook op hierdie aanklagte verwerp ons sonder huiwering die beskuldigde se relaas. Hy is 'n deurtrapte leuenaar en ek is bevrees dat ons nie kan steun op enigiets wat hy in sy eie guns te sê gehad het nie. (Beskuldigde spreek Hof toe, verlaat beskuldigdebank, onhoorbaar).

<u>HOF VERDAAG</u>: (om 11:15)

<u>MET HERVATTING:</u> (om 11:54)

<u>U I T S P R A A K</u> (vervolg)

Mnr Da Silva, ek is bereid om u ontwrigting van die verrigtinge vroeër vanoggend oor die hoof te sien. Ek het begrip vir die spanning waaronder u op die oomblik verkeer, maar u moet toesien dat dit nie weer gebeur nie of so nie kan u gevonnis word weens minagting van hierdie Hof, en ek sal dan nie huiwer om dit te doen nie; of die verrigtinge kan in u afwesigheid voortgesit word.

Die beskuldigde se getuienis dat die oorledene en die klaagster hom wou beroof is so verwerplik soos die res daarvan. Die beskuldigde word gevolglik wat hierdie eerste vier aanklagte betref <u>SKULDIG</u> bevind aan moord, aan roof en aan twee aanklagte van verkragting.

Die diefstalaanklag hou verband met die verlies van sy vuurwapen deur majoor Redelinghuys. Die majoor het sy eie vuurwapen in 'n tas met hom saamgedra want, sê hy, hy moes dikwels troepe in bruin en swart woongebiede besoek en dit was te veel moeite om elke keer 'n amptelike vuurwapen vir hierdie doel te besorg.

'n Dinsdagoggend in 1988 het majoor Redelinghuys sy pistool in sy tas gelaat terwyl hy besig was om 'n konferensie by te woon. Hy sê die kantoor was gesluit. Daar is ook toegangsbeheer tot die hoofkwartiergebou self. Alleen die klerke was in die hoofkwartier. By sy terugkeer was sy tas oop het hy sy vuurwapen vermis. Die militêre polisie het alle persone wat die perseel verlaat deursoek. Die majoor asook die beskuldigde en 'n adjudant het die hoofkwartier na die vuurwapen deursoek maar kon niks vind nie. Hy het Russel Muller, die persoon in wie se besit die vuurwapen op 'n stadium was en 'n vriend van die beskuldigde, nie verdink nie

omdat hy die dag nie daar was nie. Aanvanklik het hy twee teemakers verdink maar hulle kon tot sy bevrediging aantoon dat hulle nie die dag in die gebou was nie of ten minste nie op die betrokke tyd in die gebou was nie. Die beskuldigde was ook onder verdenking.

Ons weet egter nie hoe betroubaar die majoor se inligting is dat geen ander persone in die hoofkwartiergebou was nie. As daar 'n skelm was, sou hy homself nie opsigtelik gemaak het nie. Ons weet dat daar 'n loper vir al die kantore beskikbaar was. Ons is nie tevrede dat iemand anders as die beskuldigde nie die loper in die hande sou kon kry en die kantoor sou kon binnegaan nie. Dit is waar dat die beskuldigde later van tyd die pistool in sy besit gehad het, maar dit was nie so gou na die diefstal daarvan dat enige afleiding op grond van onlangse besit gemaak kan word nie.

Dit is egter op die beskuldigde se weergawe duidelik dat hy die pistool ontvang het wetende dat dit gesteel is. Mnr <u>Downer</u> namens die Staat het betoog dat die beskuldigde op grond van die feit dat hy wetend die gesteelde eiendom ontvang het in elk geval skuldig is aan diefstal. Mnr <u>Murray</u> se siening, daarenteen, was dat dit regstegnies suiwerder sou wees as hy skuldig bevind sou word aan die gemeenregtelike misdryf van ontvangs van gesteelde goed wetende dat dit gesteel is. Ek is natuurlik bewus daarvan dat 'n <u>contrectatio</u> van gesteelde goed ook op diefstal kan neerkom, maar ek is nie, sonder dat ek geleentheid gehad het om my deeglik op die saak voor te berei, daarvan oortuig dat 'n <u>contrectatio</u> op diefstal neerkom (en dit ten spyte van wat <u>SNYMAN</u> in sy boek <u>STRAFREG</u> sê) tensy die oortreder se wil daarop gerig is om die dief by te staan in sy weerhouding van die eiendom van die regmatige eienaar daarvan nie. Dit is nie vir ons onder die



omstandighede / ...

omstandighede duidelik presies wat die beskuldigde se motivering of doel was nie en ek dink gevolglik dat dit veiliger sou wees om hom skuldig te bevind op die bevoegde uitspraak van die ontvangs van gesteelde goed wetende dat dit gesteel is.

Die sesde aanklag handel met besit van 'n vuurwapen. Die beskuldigde is in die landdroshof aangekla van die onwettige besit van 'n 9mm pistool op 23 Junie 1988. Hy is op daardie aanklag vrygespreek. Ek het met mnr Downer die kwessie geopper of die beskuldigde geregtig sou wees om 'n pleit autrefois acquit op te werp, Mnr Downer het my vanoggend oor die kwessie toegespreek. Volgens mnr Murray steun die verdediging nie op die pleit van autrefois acquit nie. Ek is tevrede dat mnr Murray se toegewing korrek is. Daar was nie een ononderbroke besit van die vuurwapen nie. Ek sou meen dat elke keer wanneer 'n beskuldigde opnuut in besit van 'n vuurwapen kom, dit 'n nuwe misdryf uitmaak. Ek is nie bereid om my uit te spreek daaroor of elke dag waartydens 'n beskuldigde 'n vuurwapen besit 'n nuwe misdryf uitmaak nie. In hierdie besondere geval, egter, is die vermeende besit waarvan die beskuldigde aangekla is en waarop hy vrygespreek is, glad nie deel van die periode van besit ten aansien waarvan hy vandag teregstaan nie. Daardie besit het gestrek van 21 tot 23 Mei 1988. Op 23 Mei het die beskuldigde, volgens sy eie getuienis, die pistool terugbesorg aan Russel Muller. Dit is toe sy besit ten einde geloop het. Ek is dus daarvan oortuig dat daar geen beletsel bestaan teen 'n skuldigbevinding van besit van die vuurwapen nie en die beskuldigde word gevolglik op die sesde aanklag SKULDIG bevind.

Wat die sewende aanklag betref, die onwettige besit van ammunisie, het mnr Downer heeltemal tereg toegegee dat die

getuienis wat die Staat aangebied het nie voldoende is om bo redelike twyfel aan te toon dat die beskuldigde besit van hierdie ammunisie gehad het nie. Die aanklag het betrekking op 21 R5 patrone en 23 9mm patrone wat in 'n sak binne-in 'n kas in die beskuldigde se vrou se kamer in haar ouers se huis aangetref is. Die beskuldigde het sowat een keer per maand, miskien ietwat meer dikwels, huis toe gekom maar wat belangrik is, is dat hy nie pal die kamer bewoon het nie en dat ander persone ook toegang tot die kamer gehad het. Ons weet trouens nie eers wie se rugsak dit was waarin die patrone gevind is nie. Daar ontstaan 'n verdag uit die feit dat 21 van die patrone militêre patrone was en dat die beskuldigde werksaam was by die Suid-Afrikaanse Kleurlingkorps maar aan die ander kant was Russel Muller een van sy kollegas by die Suid-Afrikaanse Kleurlingkorps en het dié in die nabyheid van sy huis op Worcester gewoon.

Daar moet dus redelike twyfel bestaan oor die kwessie of die beskuldigde die ammunisie besit het. Op die sewende aanklag word hy **ONSKULDIG** bevind en ontslaan.

CONRADIE, R

MET HERVATTING: (om 12:00)

## U I T S P R A A K

(VERSAGTENDE OMSTANDIGHEDE)

CONRADIE, R: Daar rus 'n bewyslas op die beskuldigde om op 'n oorwig van waarskynlikhede aan te toon dat daar ten tye van die pleging van die moord op die oorledene faktore aanwesig was wat sy geestesvermoëns tot so 'n mate beïnvloed het dat hy moreel minder verwytbaar vir sy daad sou wees. Verwytbaarheid word nou vanuit 'n morele en nie vanuit 'n streng juridiese standpunt nie beoordeel.

Die beskuldigde is vir psigiatriese evaluering verwys nadat hy na sy skuldigbevinding in getuienis ter strafversagting aangevoer het dat hy stemme gehoor het wat hom aangesê of genoop het om sekere dinge te doen. Hy is ingevolge die bevel in terme van artikel 78(2) en 78(7) van die Strafproseswet, nr. 51 van 1977, op 9 Mei 1990 in die forensies-psigiatriese eenheid van Valkenberg Hospitaal opgeneem. Daar is hy ondersoek deur twee psigiaters, prof T Zabow en dr C M Schneider. Hulle gesamentlike en eenparige verslag is gedateer 5 Junie 1990.

Ingevolge die verslag het die beskuldigde nie ten tye van die pleeg van die misdryf aan 'n geestesongesteldheid of gebrek gely nie. Hy ly egter aan 'n persoonlikheidsteurnis met psigopatiese of anti-sosiale elemente. Die psigopatie is nie van so 'n aard dat hy ingevolge die Wet op Geestesgesondheid, nr. 18 van 1973, sertifiseerbaar is of dat hy weens geestesongesteldheid of gebrek verminderd toerekenbaar is nie. Dit is egter nie die einde van die ondersoek na hierdie aspek nie. Die Hof moet nog steeds bepaal of die psigopatiese eienskappe van die beskuldigde tesame met sodanige bedwelmende stowwe as wat hy ingeneem het sy wilsbeheer

ten tye van die pleeg van die misdryf dermate verswak het dat daar gesê kan word dat die moord op die oorledene moreel as minder laakbaar beskou moet word as een waarvoor die hoogste straf aangewese is.

Die getuienis met betrekking tot die beskuldigde se gebruik van drank, dagga en Mandrax is dié van die beskuldigde self asook dié van sy swaer, Alexander Juries. Volgens die beskuldigde, het hy Saterdag, die 21ste Mei, by sy swaer se huis gekuier. Hy het naweekpas gehad maar het nie na sy huis in Worcester gegaan nie. Hy het dikwels afnaweke by sy swaer deurgebring. Hulle het, soos dikwels by ander geleenthede, aan 'n motor gewerk en tussendeur bier gedrink. Daarna is hulle na 'n smokkelkroeg waar hulle sterk drank en Mandrax tablette gebruik het. Die beskuldigde sê hy het "gedrink en gedrink", eers bier en daarna whisky alhoewel hy nie normaalweg spiritualieë gebruik nie. Hy het begin whisky drink aangesien hy gevoel het dat hy nog iets kan drink nadat hy die bier gehad het en omdat hy sy beperkinge ken. Hy het vier tot vyf dubbel whiskies gedrink en een en 'n half 750ml bottels bier. Hy het ook 'n hele paar keer, sê hy, uit 'n bottelnek 'n mengsel van dagga en Mandrax gerook in die geselskap van ander persone. As gevolg van die gebruik van hierdie stowwe het dit vir hom gevoel of hy sweef, of hy in 'n beswyming is, amper soos 'n droom. Hy was lighoofdig en impulsief. Op die ou end was hy "heelwat besope". Gewoonlik, sê die beskuldigde, raak hy nie wanordelik dronk nie. Hy het altyd in die verlede gedrink net totdat hy voel hy het nou genoeg gehad. Inderdaad, so sê die beskuldigde, het hy die smokkelkroeg verlaat toe hy gevoel het hy het nou genoeg gehad. Op daardie stadium was hy meer onder die invloed van dwelms as van drank. Drank en dagga saam kan die

beskuldigde hanteer, dit was eintlik die Mandrax wat die probleme veroorsaak het. Hoewel hy vantevore dagga gerook het, was dit die eerste keer dat hy dié aand Mandrax gerook het.

Later sê hy dat die drank hom nie veel aangetas het nie, maar die pyprook wel. Dit het gemaak dat hy nie daardie aand gedink of gehandel het soos hy moes nie. Nadat hy en sy swaer die smokkelkroeg verlaat het, was die volgende drank wat die beskuldigde oor sy lippe gehad het in die oorledene se motor by die padkafee toe mev Thomas hom 'n glas bier aangebied het.

Toe daar aan hom gevra is of hy op daardie stadium goed genoeg gevoel het om weer met veiligheid te kan drink, sê hy dat hy op daardie stadium nie dronk gevoel het nie. Dit het net vir hom gevoel asof hy in 'n droomtoestand is.

Die probleem met die aanvaarding van hierdie relaas is eerstens dat daar nie aan mev Thomas gestel is dat die beskuldigde ook onder die invloed van 'n dwelmmiddel was nie. Aan haar is gestel dat beskuldigde drank ingeneem het maar sy het ontken dat hy waarneembaar gedrink het. In die lig van wat vroeër oor die gehalte van mev Thomas se getuienis gesê is, verkies ek haar weergawe bo dié van die beskuldigde waar die twee ook al in botsing is.

In die tweede plek het die beskuldigde nie noemenswaardig veel van die dwelms wat so 'n dramatiese effek op hom gehad het, ingeneem nie. Die bottelkop met die dagga/Mandrax mengsel daarin is onder hulle groep van agt persone verdeel. Hy en elk van die ander het twee teue uit die pyp kon trek. Die beskuldigde sê op een stadium dat hy as gevolg van die dwelms nie bewus was van sy omgewing nie, maar vertel darem ook dat hy die teenwoordigheid van gees behou het om onveilig

te voel met sy vuurwapen by hom en daarom by die smokkelhuis uitgestap het.

Hoewel die uitwerking van die rook aanvanklik volgens die beskuldigde ontstellend kragtig was, het die uitwerking van die twee teue wat hy van die pyp geneem het, nie in dieselfde mate by hom gebly terwyl hy na sy swaer se huis gestap het en daarvandaan na sy vriendin in Bishop Lavis gestap het nie. Hy is ongeveer 12:00 middernag uit die smokkelhuis weg en dit was omtrent halfdrie toe hy hom uiteindelik op die N1 bevind het. Daar het dus 2½ uur verloop sedert die beweerde inname van die dwelmmiddels.

Derdens word die uitwerking van die dwelmmiddel en ook die mindere uitwerking van die drank heeltemal oorskadu deur die beskuldigde se jongste relaas met betrekking tot die stemme wat hy die aand van die misdrywe gehoor het. 'n Verskynsel, sê hy, wat hom die eerste maal voorgedoen het nadat hy in 'n motorbotsing in 1984 'n hoofbesering opgedoen het. Die stemme, en nie meer die dwelmmiddels nie, word nou voorgegee die aanleiding daartoe te gewees het dat die beskuldigde impulsief opgetree het. Die stemme het hom gesê om dinge te doen soos om van sy swaer se huis na sy vriendin te gaan en dat hy sy wapen moet uithaal en skiet. Na die moord op die oorledene het die stemme gesê hy "moet ry, nou net ry, weg ry" na sy huis toe.

Die beskuldigde bring darem die stemme in verband met die dwelms, of dan die drank. Die stemme het vantevore reeds met hom gepraat, onder andere by die weermagkamp, en hy het hulle baiekeer al gehoor sonder dat hy drank ingeneem het, maar as gevolg van die drank- en dwelminname het die stemme wat hy gewoonlik net vir 'n kort rukkie gehoor het, daardie aand vir 'n lang tydperk geduur. Die stemme word egter nie direk die

blaam gegee vir die moord op die oorledene nie. Daar word nie beweer dat die stemme die moord ingegee het nie.

Die getuienis van Alexander Juries was in heel party opsigte in stryd met dié van die beskuldigde. Hy vertel ook dat die twee van hulle aan sy motor gewerk het en gedrink het terwyl hulle dit doen. Daarna is hulle met die motor na die smokkelhuis wat 'n enkelverdiepingwoning was en waarvandaan hulle per motor teruggekeer het. Die beskuldigde daarenteen sê dat hulle na die smokkelhuis gestap het en teruggestap het en dat die smokkelhuis in 'n dubbelverdiepinggebou geleë was.

Juries maak die beskuldigde ook veel dronker as wat die beskuldigde self beweer. Beskuldigde was "heel wankel-wankel", sê hy, hy het geslinger. Altwee van hulle het lekker dronk by die huis aangekom.

Die voor-die-hand-liggende rede vir hierdie verskille is dat Juries van 'n ander naweek as dié van 21/22 Mei praat. Sy getuienis is dat die beskuldigde dikwels 'n naweek by hom kom oorbly het en dat hulle meermale na die smokkelhuis gegaan het om te drink en te rook. Dit is duidelik dat daar dié naweek niks noemenswaardig gebeur het wat dit van ander naweke onderskei nie. Hy onthou egter die merkwaardigste detail van hierdie naweek sowat twee jaar later. Hy onthou presies hoeveel drank hulle gehad het. Hy onthou dat hy 2½ bottel whisky gekoop het die Vrydag. Hy onthou dat daar 'n man met die naam van Whitey by die smokkelhuis teenwoordig was. Hy onthou dat hy daardie aand R2,00 tot die "pool" bygedra het, dat hy weer by die huis aan die beskuldigde 'n bier gegee het en lesbes dat hy weet dat hulle kort na twaalf by die huis aangekom het omdat, toe hulle in die huis inkom, sy vrou gesê het dit is al twaalfuur. Gevra waarom hy die spesifieke naweek so duidelik kan onthou, gee hy eers te kenne dat dit



iets / ...

iets te doen het met die feit dat hy, die beskuldigde en Russel Muller gearresteer is in verband met besit van die vuurwapen. Maar dit was 'n paar maande later, en dit is onduidelik hoe hierdie voorval met die naweek van die 22ste Mei verband hou. Toe hy weer eens gevra word hoekom hy die 22ste Mei kan onthou, sê hy "dit is mos die aand toe ons mos nou bult toe gegaan het en soos gewoonlik nou gaan rook het". Uiteindelik kom hy vorendag met die weergawe dat hy kan onthou dat die voorval op die 22ste gebeur het, nie op 'n ander Saterdag nie omdat hulle die 22ste aan sy kar gewerk het en hy die week daarna 'n ongeluk met sy motor gehad het. Hy bring die besondere dag ook in verband met vier nuwe bande wat hy vir sy motor gekoop het en dan weer in verband met die Vrydag toe sy motor beskadig is wat volgens hom die 31ste Mei was, iets wat hy onthou omdat sy vrou op daardie dag verjaar. Die 31ste Mei was egter 'n Maandag, die Vrydag was die 29ste en dit kan wees dat mnr Juries die Saterdag, die 30ste, verwar met Saterdag die 22ste.

'n Ander insiggewende aspek van mnr Juries se getuienis is dat hy aanvanklik ontken het dat die beskuldigde ooit met 'n vuurwapen by die huis aangekom het. Hy sê dat hy eers ná die moord met 'n pistool by hom aangekom het. Hy gee egter na 'n kort debat met mnr Downer toe dat die beskuldigde wel voor die 22ste 'n pistool gehad het, naamlik die Vrydagaand toe die beskuldigde hom gevra het wat hy daarmee moet doen.

Die getuienis van mnr Juries wat ek kortliks behandel het, is verwerplik en bied geen steun vir die beskuldigde se relaas nie. Die beskuldigde se relaas is ook verwerplik vanweë sy inherente teenstrydighede.

Indien dit egter aanvaar sou word, en ons voel ons geroepe om elke moontlikheid te ondersoek, dat die beskuldigde wel die



betrokke / ...

betrokke aand drank ingeneem het, of drank en dwelms ingeneem het, dan het hy hom nie van die bewyslas gekwyt om aan te toon dat die drank ten tye van die moord op die oorledene wesentlik daartoe bygedra het om sy inhibisies te laat verkrummel nie. Mnr <u>Downer</u> het betoog dat die beskuldigde se getuienis van sy optrede die aand geen teken van bedwelming of drankmisbruik aantoon nie. Die submissie is juis. Die beskuldigde is, volgens hom, die een wat nugter, besadig en bedeesd opgetree het. Hý is die een wat kalmte probeer bewerkstellig het. Hý is die een wat voortdurend probeer vrede maak het, eers tussen hom en die oorledene, en toe tussen die oorledene en mev Thomas.

Wat die beskuldigde se beweerde psigopatie betref, is hy nie 'n sertifiseerbare psigopaat nie en is die psigiaters, soos ek gesê het, dit ook eens dat sy graad van psigopatie nie sodanig is dat dit tot verminderde toerekenbaarheid gelei het nie. Ons kan net sê dat die beskuldigde nie, volgens wat hy hierdie Hof meegedeel het, daardie sterk anti-sosiale gedrag wat hom reeds op 'n vroeë leeftyd in botsing met die samelewing bring en wat die kenmerk van die volwaardige psigopaat is, vertoon het nie. Hy het 'n bestendige werkrekord, volgens sy getuienis voor hierdie Hof, alhoewel hy klaarblyklik aan die psigiatriese span ander inligting verstrek het. Aan hierdie Hof het hy onder eed gesê dat hy twee tot drie jaar vir die Departement Gevangenisse as 'n bewaarder gewerk het, daarna in Johannesburg by Terraton Laboratories en sedert die begin van 1987 by die weermag waar hy goed presteer het. So goed het hy inderdaad presteer daar dat hy as top rekruut van 1987 bekroon is. Hy het matriek behaal. Hy kón dus konformeer en moes veral by instansies soos by die Gevangenisdiens en die Leër met hulle streng dissipline rede-



lik goed / ...

lik goed gekonformeer het. Daar is nie by hom 'n merkwaarbare onvermoë om by aanvaarde sedelike en maatskaplike norme aan te pas nie.

Ek dink ons is ook geregtig om kennis te neem van die beskuldigde se optrede in die vroeë oggendure nadat watter bedwelmende stowwe hy ook al in sy liggaam ingeneem het, hulle uitwerking verloor het, toe hy die klaagster vir die tweede keer verkrag het. Hy het nog steeds met dieselfde skrikwekkende en kil boosheid opgetree. Ook daarna, nadat hy by sy huis in Worcester aangekom het, was daar geen teken daarvan te bespeur dat hy berou gehad het oor sy optrede of dat dit vir hom enigsins 'n bron van ontsteltenis was nie.

'n Mens soek tevergeefs in die getuienis, so het mnr Downer betoog, na enige eksterne impuls wat die beskuldigde se gedrag kon ontlok het. Daar was geen provokasie teenwoordig nie, trouens die oorledene het net gepleit om nie seergemaak te word nie. Daar was geen weerstand teen die roof nie, die oorledene het aangebied om al sy geld te oorhandig. Daar was geen paniek wat die beskuldigde beetgepak het, soos soms gebeur wanneer 'n slagoffer alarm maak of daar 'n ander onverwagte gebeurlikheid opduik nie. Daar was geen lont wat die - laat ons nou maar argumentshalwe aanvaar - kruitvat van drank, dwelms en psigopatie elemente aan die brand kon steek nie.

Daar is twee moontlike verklarings vir die moord op die oorledene. Die eerste is dat die beskuldigde hom uit die weg wou ruim ten einde homself seksueel met die klaagster te bevredig, die tweede dat hy die motor wou neem om in Worcester uit te kom waarheen hy op pad was. Daar is geen aanduiding dat enige van hierdie beweegredes impulsief na vore gekom het nie. Buitendien is daar geen aanduiding dat die beskuldigde enige geslagsdrif gehad het wat patologies onbeheerbaar was of

selfs dat hy 'n buitengewone sterk geslagsdrif gehad het nie.

Ons moet ons laat lei deur wat in S v PIETERSE 1982 (3) SA 678 (A) op 683 gesê is dat die Hof moet let op die graad van psigopatie, die aard van die misdaad en die omstandighede daarvan. In PIETERSE se saak is beklemtoon dat 'n beroep op psigopatie alleen dan tot mindere verwytbaarheid kan lei -

> "... indien daar inderdaad 'n abnormale obsessie is wat beheerbaarheid van die wil tot so 'n mate verminder het dat die psigopatiese toestand beskryf kan word as grensende aan 'n geestesiekte."

In PIETERSE se saak het die Hof met 'n gesertifiseerde psigopaat te doen gehad. Hier is dit nie die geval nie, maar aangesien dit moontlik is, hoewel dit nie op 'n oorwig van waarskynlikhede bewys is nie, dat drank en dwelms 'n rol kon gespeel het en die beskuldigde se persoonlikheidsteuring kon aksentueer het, het ons dit gerade geag om hierdie aspekte van die saak ook te ondersoek en 'n mening daaroor uit te spreek. Ten spyte daarvan dat ons indringend gekyk het na alle moontlike versagtende omstandighede, was ons nie in staat om enige te vind nie. Die bevinding van hierdie Hof is derhalwe dat die beskuldigde SKULDIG IS AAN MOORD SONDER VERSAGTENDE OMSTANDIGHEDE.

..............................

CONRADIE, R

17.17

MNR DOWNER/...